



Aksie van die burgerlike samelewing met verteenwoordigers van die NTLA (Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans) en ondersteun deur PanSAT  
*Die sekretariaat van die ATR word behartig deur die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns*

---

15 Augustus 2009

## **Notule van jaarvergadering van die Afrikaanse Taalraad, gehou in die Performerteaater, Menlopark, Pretoria op 15 Augustus 2009.**

1. Die voorsitter, prof. Wannie Carstens, verwelkom die aanwesiges, in die besonder mnr. David Maenaut, verteenwoordiger van die Vlaamse regering in Suid-Afrika.
2. **PRESENSIE:** Die presensieregister is geteken met vermelding van die instansies wat hulle verteenwoordig.
3. Mnr. Maenaut word vervolgens aan die woord gestel: Hy verskaf 'n oorsig oor die Vlaamse verhoudinge met Suid-Afrika. België was tradisioneel gerig op Midde-Afrika. Samewerking bestaan op 'n verskeidenheid vlakke met Suid-Afrika. Dit geld vir samewerking met universiteite (o.a. US, UV, UWK en Limpopo) en ook met kunste-feeste. Steun word ondersoek vir die ATR as koepelorganisasie vir Afrikaans.

Mnr. Maenaut word deur die voorsitter bedank vir die gees van samewerking vanuit die Vlaamse regering wat ook finansiële bygedra het tot die verrigtinge van die jaarvergadering en sy bykomstighede.

4. **NOTULE:** Die notule van die vorige vergadering word voorgehou en op voorstel van prof. Francois Bredenkamp en gesecondeer deur mnr. Christo van der Rheede, goedgekeur.
5. **VOORSITTERSREDE:** Prof. Wannie Carstens stip in sy voorsittersrede die volgende sake aan oor die vordering van die ATR oor die afgelope jaar:

---

[Die ATR is tot stand gebring na afloop van 'n konsultatiewe proses in die Afrikaanse gemeenskap en kragtens art. 185 van die SA Grondwet.](#)

Adres: Privaat sak X11, Arcadia, 0007, [akademie@akademie.co.za](mailto:akademie@akademie.co.za)  
Tel (012) 328 5082, faks (012) 328 5091

Bestuur: A Bailey, GvW Brand, F Bredenkamp, WAM Carstens, LE Combrink, HC de Wet, MLA le Cordeur, R Olivier, K Prinsloo, PF Theron, HS Theys, DJ Titus, J van der Elst, CO van der Rheede

- 5.1 Die ATR het tot stand gekom deur die samewerking van en met die breë gemeenskap.
- 5.2 Die kundigheid van die onderskeie Afrikaanse organisasies is by die totstandkoming van die ATR benut.
- 5.3 Gesprekke en onderlinge konsultasie het oor die afgelope jaar brûe gebou en kompromieë is gesluit.
- 5.4 Prof. Wannie Carstens verskaf vervolgens 'n oorsig oor werksaamhede van die ATR wat onder punt 7 van die notule opgesom word.

**Dankwoord:** Die ondervoorsitter, dr. Michael le Cordeur bedank die voorsitter vir sy insette en inisiatief. Sy passie en entoesiasme is aansteeklik. In dieselfde asem word prof. Wannie Carstens gelukkig met sy aanwysing as ondervoorsitter van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

6. **FINANSIËLE SAKE:** Prof. Jacques van der Elst behandel die geouditeerde state van die ATR:
  - Totale bedrag beskikbaar op 14 Augustus 2009 is R290 000. R100 000 is vas belê. State word gestel vir goedkeuring.

Tydens die kort bespreking word die volgende kommentaar gemaak:

- Daar sal gewerk moet word aan 'n vaste inkomste vir die ATR. Dit moet deur die bestuur verder ontwikkel word.
- Prof. Jacques van der Elst en die SA Akademie word bedank vir die wyse waarop die finansies van die ATR bedryf word.

**BESLUIT:** Die Algemene Jaarvergadering van die ATR besluit op voorstel van prof. Francois Bredenkamp en gesecondeer deur mnr. Christo van der Rheede om die geouditeerde state soos voorgehou, goed te keur en te laat onderteken.

## 7. VERSLAG VAN AKTIWITEITE

### 7.1 Program Leesnet – Ria Olivier:

- Leesprojek op inisiatief van US – Dorothea van Zyl.
- ATR is versoek om, indien moontlik, dit landswyd uit te rol.
- ATR aanvaar 'n vennootskap met die US-Woordfees.
- Organisasies betrokke sluit in – VVA / SA Akademie / SBA / ATKV.
- Loodsing van die inisiatief is op 14 Maart 2009 → lees om te leer is die fokus.
- Die program moet landswyd uitgerol word.
- Dit is ook 'n brugbou-inisiatief tussen Afrikaans en die ander tale.

### 7.2 Geletterdheid – Christo van der Rheede [SBA]:

- FUNDA program – vennootskappe met *Die Burger* en *Beeld*.
- BRAVO program vir individuele lesers [help die swak lesers].
- Skoleleierskap en bestuursontwikkelingsprogram [hoof is deurslaggewend] [kan met samewerking ook na ander provinsies uitgerol word].

- Loopbaanprogram vir skole [volgende week saam met Solidariteit en Helpende Hand].
- Loopbaangids [6 000 per jaar word versprei].
- Letterkunde ondersteunings simposium [LOK].
- SBA – Wintersimposium.
- Volwassenes – lewensvaardighede integreer met taalvaardighede.
- Taalvaardighede integreer met dagsorgvaardighede.
- Taalvaardighede integreer met kinderversorging.
- Taalvaardighede integreer met skoonheidskunde.

### 7.3 Taaloudit – kerktaal [dr. Karel Prinsloo]:

Verslag van Karel Prinsloo:

- Opname by elke kerk oor praat/lees/sing/skryf van Afrikaans.
- Houdings en sentimente – hoe voel kerke oor Afrikaans as taal van versoening/byderwetse kommunikasie in die kerk?
- Vraelyste uitgestuur en hoop om teen einde September verslae van die onderskeie kerke terug te kry. Verslag teen einde van die jaar gereed.
- 29 denominasies is sover betrek.
- Werk deur die moderature en nasionale besture om die vraelyste te versprei.
- Groot waardering word uitgespreek vir kerkleierskap en gemeentes se samewerking in die verband.
- Voorlopige indrukke:
  - Afrikaans is 'n brugboutaal na verskillende groepe.
  - In baie gemeentes is daar baie waardevolle gemeenskaps-uitreikprojekte. Baie belangrike gemeenskapsrol [daar moet kennis geneem word van die rol van die kerke in die verband].
  - Terugvoering oor houdings/sentimente:
    - Bevordering van versoening.
    - Wye verstaanbaarheid.
    - Aanvaarding van Afrikaans.
    - Aanvaarbaarheid al dan nie van Afrikaans in sy plat taalvorme [hoe lyk dit met omgangstaal?].
- Noodsaaklike databasis oor hierdie rol van Afrikaans.
- Daar gaan eers net na die Christenkerke gekyk word.
- Versoeke met die oog op moontlike verdere uitbreiding:
  - Daar kan spesifiek ook na die Moslemgemeentes gekyk word.
  - Tweedens na die Afrikaanse buitelandse gemeentes – Afrikaans in die diaspora.

**BESLUIT: Die vergadering keur die moontlike uitbreiding van die projek om ook Moslemgemeentes sowel as gemeentes in die buiteland in 'n volgende fase te betrek, eenparig goed.**

#### 7.4 Onderwyskomitee –drs. Hendrik Theys:

- Program om die rol van onderwys te beklemtoon → Onderwys Ekspo oor Afrikaans in Augustus 2010. Val saam met die Kunstefees in Kaapstad.
- Organisasies in die ATR is welkom om aan te dui of hulle tydens die geleentheid referate wil lewer.
- Daar sal finansies daarvoor ook nodig wees. Die Vlaamse regering kan ook dalk by die week betrokke raak.

#### 7.5 Webblad – Alana Bailey:

- [www.afrikaansetaalraad.co.za](http://www.afrikaansetaalraad.co.za).
- Maandeliks besoeke meer as 1 000.
- Die samestelling van die webblad is afhanklik van bydraes – medewerkers en organisasies.
- Dit is almal se webwerf en organisasies moet ook waar moontlik skakels daarop plaas. Skakels na alle organisasies is nodig.
- Die webwerf word deur AfriForum geborg – met groot dank. Alana Bailey word gelukkig met die verwerwing van die SA Akademieprys vir Jeugliteratuur.

#### 7.6 Fondsinsameling – dr. Danny Titus:

- Samewerking van organisasies is nodig en dit moet verder verbeter word.
- Befondsingsprosesse moet ook met ander organisasies uitgeklaar word.
- Fyn balans is derhalwe nodig sodat die ATR, wat fondswerwing betref, nie op ander organisasies se terreine beweeg nie.
- Waar daar gemeenskaplike projekte is, moet organisasies ook bydra.

### 8. ATR-STATUUT [Willem Theunissen]

#### Kommentaar:

- Daar is nie groot duidelikheid oor die individuele lidmaatskap nie. Natuurlike persone het nie stemreg nie.
- Daar is enkele klein taalfoute in die Akte wat reggestel moet word.
- Die vergadering aanvaar en neem daarvan kennis dat die ATR-grondwet wanneer nodig gewysig sal kan word. Dit geskied tydens 'n spesiale besluit wat in terme van die Wet hanteer moet word.

**BESLUIT:** Die ATR-jaarvergadering besluit op voorstel van mnr. Hennie de Wet en gesecondeer deur prof. Francois Bredenkamp eenparig dat die Grondwet, soos aan die vergadering voorgehou en reeds deur die Registrateur van maatskappye goedgekeur, met regstelling van taal- en ander foute wat mag voorkom, goedgekeur word.

[Prof. Nico Koopmans van die Universiteit van Stellenbosch lewer vervolgens 'n geleentheidstoespraak: *Afrikaans help om Afrika te transformeer.*]

## 9. PANEELBESPREKING OOR AFRIKAANS

### BEMAGTIG – Christo van der Rheede

- Grondbeginsels:
  - Integrasie
  - Konstruktiewe aktiwitisme
  - Netwerkskeppend
  - Koördinerend
  - Versoenend
  - Herstellend
- Hierdie grondbeginsels moet verpak word.

### BEVORDER – Flip Buys

- Neem kennis van die implikasies van ‘beginpunt’ en ‘eindpuntdenkers’
- Debat oor taalplan word afgeskop met die volgende aspekte wat aandag moet kry:
  - Taalnavorsing – Ideëdroogte moet verbreek word.
  - Afrikaanse onderwys – beroepsopleiding.
  - Afrikaanse Instellings – taal word gedra deur sy instellings. [Die moontlikheid van ’n Kulturele MBA deur die Solidariteit Akademie word in die vooruitsig gestel.]
  - Grondwetlike regte
  - Kuns en musiek
  - Erfenisbewaring
  - Afrikaanse media en radio
  - Taalproduksie
  - Beskerming van die sprekers van die taal [SBA se werk is baie belangrik]
- Toekoms hang af van die beleggings wat die huidige geslag maak.
- Afrikaans is een van die dinge wat die moeite werd is om voor te veg.

### BESKERM – Danny Titus

- Gaan oor persepsies wat daar bestaan.
- Hy is heel bedug en bedag oor die regering se persepsies oor Afrikaans. ATR sal hom moet posisioneer oor die beskerming van Afrikaans.
- Staat moet direk in die oog gekyk word en oortuig word van die saak van Afrikaans.
- Ons het vyande in onself waarteen ons moet beskerm:
  - Gebruik van Afrikaans deur jonger geslag!
  - Duidelik wees oor die gebruik van Afrikaners/Afrikaans. Kan nie uit een wêreld praat oor Afrikaans nie.
  - Moet kyk na sensitiwiteit van taalgebruikers.
- Hoe gaan die ATR hom posisioneer om direk met die minister [staat] te praat?
- ATR – hoe gaan ons effek gee aan die diversiteit van Afrikaans?
- ATR-besoeke om te gaan kyk na die verskillende gesigte van Afrikaans word in die vooruitsig gestel: VTM, Freedom Park Trust, Genadendal, ens.
- Verdere persepsies – beskerm ons teen foutiewe beriggewing bv. prof. Jonathan Jansen se rubriek in *Die Burger* van 12 Augustus 2009.
- Neem kennis van Oud-pres. Mandela se kommentaar op 7 Junie 1976 tydens sy evaluering van die swart bewussynsbeweging – Afrikaans is deel van ’n beduidende gedeelte van die bevolking!

- Neem kennis van die argumente in die hofsaak van C.J. Lourens van Brits in die Grondwethof. Kyk ook na die reaksie van die regering en die standpunte van die regering in die verband.
- Standpunt van ATR: Ons is gemaklik met Engels en is nie teen Engels nie – maar baie beslis vir Afrikaans.

### **BESPREKING**

- Unisa Dept. Afrikaans → 7 330 studente maar daar is bekommernis oor die studentetalle. Vergadering neem met dank kennis van die beplanning vir 'n Leerstoel in Afrikaans by Unisa. Die meeste kursusse by Unisa is net in Engels en die verengelsing neem drasties toe.
- FEDSAS – gebruik die grondbeginsels wat Christo van der Rhee de genoem het as maatstaf om eie projekte te meet.
- Noodsaak van gesonde bestuur in nie-winsgewende organisasies. Solidariteit Akademie werk aan die moontlikhede van 'n kulturele MBA. Organisasies moet aandui of hulle daarin sou belangstel.
- Daar is 'n venster van geleentheid in die ZUMA-era. Dis goed dat die ATR met die regering gaan praat.

## **10. FORMULERING VAN MOSIES**

### **Mosies van gelukwensing:**

- Die ATR wens dr. Van Zyl de Villiers geluk met sy verkiesing as voorsitter van die SA Akademie.
- Dr. Pieter Mulder geluk met sy aanstelling as Adjunk-minister in die kabinet van pres. Zuma.
- Wens die WAT geluk met die verskyning van die Woordeboek.
- Wens die SA Akademie geluk met sy eeufeesviering en publikasie van 'Draer van 'n Droom'.

Die ATR wens mnr. C.J. Lourens van Brits sterkte toe met sy komende taalhofsaak.

Die ATR posisioneer hom duidelik as pro-Afrikaans en nie anti-Engels nie.

Die jaarvergadering versoek die ATR-bestuur om die 26 strategiese oogmerke soos in die Taalbeplan vervat weer te beoordeel en aan die uitstaande sake aandag te gee. Dit ondervang prof. Koos du Toit se mosie wat skriftelik ingedien is.

Die ATR aanvaar die mosie oor navorsing oor moedertaalonderrig soos deur die VVA vir bespreking en goedkeuring ingedien en verwys dit na die navorsingskomitee vir verdere hantering.

Die vergadering versoek die ATR om 'n operasionele model vir die ATR te ontwikkel en met lede-organisasies te kommunikeer [Christo van der Rhee de].

Die vergadering keur goed dat die ATR die toekoms van Afrikaans in hoër onderwys ondersoek en om met die Minister van Hoër Onderwys te gaan praat [dr. Gerrit Brand].

11. Die voorsitter sluit die vergadering af en bedank die volgende persone en instansies:

- Mnr. Maenaut (Vlaamse regering)
- SA Akademie vir Wetenskap en Kuns
- Dr. Dionē Prinsloo
- Prof. Jacques van der Elst
- Die bestuur van die ATR
- Almal wat die vergadering bygewoon het.

**Prof. Jacques van der Elst**  
**Sekretariaat**

**Prof. Wannie Carstens**  
**Voorsitter**